# Stephanie Kemp se Vader Was Ou Universiteitsmaat

Deur SKAKEL KRIEK

Die ouers van Stephanie Kemp, 23-jarige fisioterapeut wat gister in die Hooggeregshof veroordeel is tot vyf jaar gevangenisskap, waarvan drie jaar opgeskort is, het die hele hofdrama bygewoon. Gistermiddag ná die uitspraak het ek hulle gaan soek en gisteraand het ek hulle gevind.

Ek het aan hul kamerdeur geklop. Toe die deur oopgemaak word, het Stephanie se vader, mnr. J. J. Kemp, voor my gestaan. Ek het sommer met die deur in die huis geval en gesê wie ek is.

„Ou Skakel Kriek," het hy gesê, en vir 'n oomblik was ek skoon uit die veld geslaan. En jou waarempel, hier staan tot my verbasing, en as aangename verrassing, nie minder as Kempie van my universiteitsjare in Bloemfontein voor my nie. Hy het my hand geneem en my nadergetrek tot binne-in hul kamer. Hy het my voorgestel aan die vriendelike mev. Kemp, moeder van Stephanie. Ek het haar nie voorheen geken nie, maar haar innemende geaardheid het my laat voel asof ek haar net so lank as Kempie ken.

My is sitplek aangebied en ons het mekaar dadelik oor en weer uitgevra, want wanneer laas het ons mekaar gesien. Dit was in 1927. Toe was Kempie student vir die Hoër Onderwysdiploma en ek student vir die graad B.A. Ons was albei in dieselfde koshuis en het albei in dieselfde rugbyspan gespeel. Hy het as losskakel gespeel en Flippie Groenewoud, nou Rektor van die Vrystaatse Universiteit, was skrumskakel. Ek het in dieselfde span as voorspeler gespeel.

By een geleentheid het die Universiteit van Potchefstroom (daardie dae die P.U.K.) in Bloemfontein teen ons intervarsity kom speel. Toe die Pukke daardie aand met die trein Potchefstroom toe vertrek het, het hulle op die stasie 'n vaandel met die letters P.U.K. daarop by een van die treinvensters laat uithang. Kaalkop van der Merwe was ook daar om die Pukke te groet, want hy was ons kaptein. Toe die vlag by die venster uitkom, het Kaalkop dit gegryp en binne 'n kits is dit van die een Vrystater na die ander gestuur. Die Pukke was hul vaandel kwyt. Gisteraand wys Kempie my die vaandel. Hy vou nou sy klere in sy koffer daarmee toe — en dit herinner hom steeds aan ons aangename universiteitsdae.

Ek was haastig om my sending bekend te maak. Ek het verduidelik dat ek namens Die Burger kom.

„Maar wat doen jy dan nou by Die Burger? Jy was **mos by Die** Landbouweekblad."

„Ja", het ek geantwoord en verduidelik dat ek nou by Die Burger is en dat ek gekom het om 'n onderhoud met hom te voer.

Kempie het my dadelik geantwoord dat hy hoegenaamd geen onderhoud toestaan, nie eens aan my nie.

„As jy dit vat, kan ons verder gesels", het hy gesê. Hy het die wind uit my seile gehad. Ek het belowe.

Mev. Kemp was nie so seker oor die „verder gesels" nie. Sy het al tevore onaangename ondervindinge met persmanne gehad, en wie sê dit sou nie nou weer gebeur nie.

Ek het haar verseker dat ek geen gemene voordeel sou haal uit my gesprek met hulle nie. Maar eintlik het ons die hele aand — en dit was 'n baie aangename uu tjie of langer — niks gesels wat betrekking gehad het op my sending nie. Ons het sommer oor ons universiteitsdae gesels en miskien nou en dan oor Stephanie, maar dit het buite my sending geval.

Mnr. Kemp is onderwyser aan die Handelskool in Oos-Londen. Hy doseer Afrikaans vir die matriekleerlinge. Nadat hy die Hoër Onderwysdiploma behaal het, is hy Pretoria toe, waar hy die graad M.Ed. verwerf het. Hy was 'n tyd lank in diens van die Departement van Arbeid, maar was ook onderwyser op Kenhardt, Bedford, Steynsburg en Malmesbury.

Hy was onder meer skoolhoof.

Mev. Kemp het al geruime tyd gelede Kaap toe gekom om naby hul dogter te wees as die saak begin. Mnr. Kemp het verlede Vrydag gekom en vlieg vandag na Oos-Londen terug.

Uit wat ons die hele aand gesels het, het ek afgelei dat mev. Kemp nog 'n rukkie in Kaapstad en omgewing sal vertoef. Hulle is nugter mense. Aan wat gebeur het, kan hulle nou niks doen nie. Ek het die indruk gekry dat die vonnis en alles wat vooraf gebeur het, vir hulle as ouers 'n sware slag was, maar hulle is klaarblyklik nie die soort mense wat op die ashoop gaan sit om hulself te bejammer nie. Daarvoor is hulle te nugter.

Soos dit vir my lyk, sal mev. Kemp, soos enige moeder sou doen, probeer om so naby moontlik haar dogter te wees. As hulle eers weet waar Stephanie aangehou sal word, sal die egpaar probeer om 'n verplasing na daardie omgewing te vra. Dan kan hulle darem naby haar wees.

Stephanie was altyd 'n flukse student. Haar ouers verwag dat sy, as sy geleentheid daartoe kry, haar studie in gevangenskap sal voortsit.

MCH91-66-10-7

Die Burger 12/11/64